

DIE EERSTE BRIEF AAN TIMOTEUS

Inleiding

Die Eerste Brief aan Timoteus maak saam met *2 Timoteus* en *Titus* deel uit van die sogenaamde Pastorale Briewe. Hierdie briewe word so genoem, omdat hulle bedoel was om pastorale leiding aan die leiersfigure in sekere gemeentes te gee.

Indien aanvaar word dat Paulus die outeur was, is *1 Timoteus* na alle waarskynlikheid in 62-63 nC vanuit Macedonië geskryf (1:3) ná Paulus se vrylating uit sy tweejarige gevangenskap in Rome (vgl ook die inleiding tot *Efesiërs*; Hand 28:16,30).

Die skrywer identifiseer homself as die apostel Paulus (1:1). Weens die styl, besondere omstandighede en sekere teologiese aspekte van hierdie brief, meen heelwat geleerdes dat dit in 'n later stadium deur 'n toegewyde volgeling van Paulus in die naam van sy leermeester geskryf is. Nietemin is daar goeie oorwegings vir die aanvaarding van die tradisionele standpunt dat Paulus die outeur van hierdie brief was.

1 Timoteus is gerig aan Timoteus, Paulus se “ware kind in die geloof” (1:2), wat as gemeenteleier in Efese opgetree het toe die brief geskryf is.

In die brief dring Paulus by Timoteus aan om 'n tyd lank in Efese aan te bly, omdat die kerklike situasie daar sy dringende aandag nodig het (1:3). Timoteus moet nie net optree teen die persone wat valse leerstellings versprei en die gemeente met hulle onsinnige praatjies

verwar nie; hy moet ook weet hoe die gemeente as die huisgesin van God moet funksioneer en ingerig moet word (3:15). Daarom bevat die brief voorskrifte oor die gemeente se gebede, en oor hoe mans en vroue in die gemeente moet optree. Hy skets die vereistes vir ouderlinge, diakens en die vroue wat hulle moet bystaan, en gee aan Timoteus goeie raad oor sy optrede in verskillende situasies, en teenoor verskillende groepe in die gemeente.

Ten spyte daarvan dat hierdie brief aan Timoteus gerig is, dra dit 'n sekere formele en amptelike karakter. Dit gaan oor die behoud van die suiwer leer, oor 'n voorbeeldige Christelike leefstyl en oor die regte bediening deur die onderskeie ampsdraers. Timoteus word opgeroep om soos 'n ware evangeliedienaar op te tree, en Paulus hierin as sy model te gebruik.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-2 Brieffaanhef

1:3-20 Timoteus se taak in Efese

2:1 — 3:1a Voorskrifte aan die gemeente

3:1b-13 Vereistes vir opsieners en diakens

3:14 — 4:16 Voorskrifte aan Timoteus

5:1 — 6:2a Ouer mense, weduwees, ouderlinge en slawe

6:2b-10 Ware rykdom

6:11-21 Laaste opdragte

6:21b Seëngroet

1

¹ Paulus, 'n •apostel van •Christus Jesus, in opdrag van God, ons Verlosser, en van Christus Jesus, ons hoop,*

² aan^a Timoteus, my ware kind in die geloof:*

Genade, barmhartigheid en vrede van God, die Vader, en Christus Jesus ons Here.

Timoteus se taak in Efese

³ Soos ek by jou aangedring het toe ek na Macedonië^b vertrek het, moet jy in Efese bly,* sodat jy sekere mense opdrag kan gee om nie vreemde leringe te versprei ⁴ en om hulle nie met mites en eindelose geslagsregisters op te hou nie.* Hierdie dinge bevorder eerder sinlose argumente as God se plan wat Hy deur die geloof ten uitvoer wil bring.

⁵ Die doel van die opdrag is liefde uit 'n rein hart,* 'n skoon gewete en 'n opregte geloof. ⁶ Sommige het hiervan afgedwaal en in 'n niksseggende gepraat verval.* ⁷ Hulle wil leermeesters van die wet wees, maar hulle verstaan nie wat hulle sê of dit waarop hulle aandring nie.

⁸ Maar ons weet dat die wet goed is* wanneer iemand dit op die regte manier gebruik, ⁹ omdat hy besef dat die wet nie bedoel is vir die

***1:1 Christus Jesus ... hoop:** Kol 1:27

^a**1:2 aan:** In die formele briefstyl soos deur die skrywer gebruik, ontbreek die werkwoord wat in die gedagte aangevul moet word, naamlik “skryf” aan.

***1:2 ware ... geloof:** Tit 1:4

^b**1:3 Macedonië:** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

***1:3 Soos ... bly:** Hand 20:1

***1:4 nie met ... hou nie:** 1 Tim 4:7; Tit 1:14

***1:5 Die doel ... hart:** Rom 13:10

***1:6 in 'n ... verval:** 1 Tim 6:4,20; Tit 1:10

***1:8 die wet ... is:** Rom 7:12,16

•regverdige nie, maar juis vir die wetteloses en ongehoorsames, vir die goddeloses en sondaars, vir die onheiliges en wêreldlinge, vir diegene wat hulle vaders en moeders doodmaak en mense vermoor,¹⁰⁻¹¹ vir hoereerders, vir mans wat met mans intiem verkeer, vir diegene wat mense ontvoer, leuens vertel, meined pleeg of enigiets anders doen wat, volgens die evangelie van die heerlijkheid van die lofwaardige God wat aan my toevertrou is, indruis teen die gesonde leer.*

¹² Ek dank Hom wat my versterk het, •Christus Jesus ons Here, omdat Hy my betroubaar geag toe Hy my in sy diens aangestel het*¹³ — vir my wat voorheen 'n lasteraar, 'n vervolger en 'n geweldenaar was.* Nogtans is ek begenadig, omdat ek uit ongeloof onkundig opgetree het.¹⁴ Ons Here se genade oor my was oorfloedig, en daarmee saam ook nog die geloof en liefde wat daar in Christus Jesus is.¹⁵ Dié uitspraak is betroubaar, en werd om ten volle aanvaar te word, dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos,* van wie ek die heel grootste is.¹⁶ Ek is juis om hierdie rede begenadig, sodat Christus Jesus aan my as die grootste sondaar^c al sy geduld kon betoon as voorbeeld vir hulle wat in Hom sou glo met die oog op die ewige lewe.¹⁷ Aan die Koning van die eeue, die onsterflike, onsienlike, enigste God^d kom toe eer en heerlijkheid vir ewig en ewig. •Amen.

¹⁸ Hierdie opdrag vertrou ek aan jou toe, my kind Timoteus, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is,

***1:10-11 gesonde leer:** 1 Tim 4:6; 6:3; 2 Tim 4:3; Tit 1:9; 2:1

***1:12 omdat Hy ... aangestel het:** Hand 9:15; Gal 1:15-16

***1:13 vir my ... was:** Hand 8:3; 9:1-2; 1 Kor 15:9; Gal 1:13

***1:15 Christus ... te verlos:** Luk 15:2; 19:10

^c**1:16 sondaar:** Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

^d**1:17 enigste God:** Vgl Rom 16:27. Ander mss lui “enigste wyse God”.

sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry* ¹⁹ met geloof en 'n goeie gewete — iets wat sommige mense versaak het, waardeur hulle geloof skipbreuk gely het. ²⁰ Onder hulle is Himeneus* en Aleksander,* wat ek aan Satan^e oorgegee het* sodat hulle kan leer om nie te laster nie.

2

Voorskrifte aan die gemeente

¹ Heel eerste versoek ek dat smeking, gebede, voorbidding en dankgebede* vir alle mense gedoen word, ² vir konings en vir almal wat gesagsposisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle godvresendheid en waardigheid kan lei. ³ Dit is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser,* ⁴ wat wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kom.

⁵ Want daar is een God,*
en een Middelaar tussen God en die mense,
die mens •Christus Jesus,*
⁶ wat Homself as losprys vir almal gegee het*

*1:18 goeie ... stry: 1 Tim 6:12; 2 Tim 4:7; Jud vs 3

*1:20 Himeneus: 2 Tim 2:16-17

*1:20 Aleksander: 2 Tim 4:14

^e1:20 Satan: Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

*1:20 ek ... oorgegee het: 1 Kor 5:5

*2:1 Heel ... dankgebede: Ef 6:18; Fil 4:6

*2:3 God, ons Verlosser: 1 Tim 1:1; 4:10

*2:4 Eseg 18:23; 2 Pet 3:9

*2:5 Want ... God: Rom 3:29-30; 10:12

*2:5 een Middelaar ... Jesus: Heb 12:24

*2:6 wat ... gegee het: Gal 1:4; 2:20; Tit 2:14

tot getuienis op die bestemde tyd.^f

⁷* Hiervoor is ek aangestel as prediker en •apostel — ek praat die waarheid, ek lieg nie — as leermeester om die heidene in geloof en waarheid te onderrig.

⁸ Ek verwag van die mans dat hulle op elke plek sal bid, met heilige hande omhoog, sonder woede en rusie. ⁹* So ook moet die vrou hulleself versier met behoorlike kleredrag, beskeie en sober, nie met haarvlegsels en goud of pêrels of duur klere nie, ¹⁰* maar — soos dit vroue pas wat bely dat hulle God aanbid — met goeie werke. ¹¹* 'n Vrou moet haar stilweg laat onderrig in volle gehoorsaamheid. ¹² Ek laat nie toe dat 'n vrou onderrig gee of oor 'n man gesag uitoefen nie;⁸ sy moet haar stil gedra. ¹³* Adam is immers eerste geskep, daarna Eva. ¹⁴* En Adam is nie mislei nie, maar die vrou het haar laat mislei en het 'n oortreder geword. ¹⁵ Maar sy sal verlos word te midde van kindergeboorte,^h mits hulleⁱ volhou om gelowig, liefdevol, heilig en ingetoë te leef.

^f**2:6 bestemde tyd:** Letterlik 'sy eie tyd'. Dit dui hier op die tyd soos God dit bepaal het.

***2:7** Hand 9:15; Gal 2:7-8; 1 Tim 1:11

***2:9** 1 Pet 3:3-5

***2:10** 1 Tim 5:10

***2:11-12** 1 Kor 14:34

⁸**2:12 Ek ... uitoefen nie:** Hiermee word waarskynlik aangesluit by die •huishoudelike voorskrifte van Ef 5:22-33 en Kol 3:18 — 4:1.

***2:13** Gen 1:27; 2:7,22; 1 Kor 11:8-9

***2:14** Gen 3:6,13; 2 Kor 11:3

^h**2:15 Maar ... kindergeboorte:** As die normale verwagting ten opsigte van getroude vroue en nie as voorwaarde vir hulle verlossing nie.

ⁱ**2:15 hulle:** Dit verwys na die Christenvroue as groep 1 Tim 2:9-10.

3

¹ Dié uitspraak is betroubaar.

Vereistes vir opsieners en diakens

As iemand na 'n opsienersamp streef, begeer hy 'n goeie taak. ² *'n Opsiener moet onberispelik wees: 'n man met net een vrou, beheersd, verstandig, goed gemanierd, gasvry en in staat om onderrig te gee. ³ Hy moet nie 'n dronkaard of veglustig wees nie, maar insiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. ⁴ Hy moet met volkome waardigheid sy eie huishouding goed bestuur en sy kinders onderdanig hou. ⁵ (Maar as iemand sy eie huishouding nie behoorlik kan bestuur nie, hoe sal hy na die •gemeente van God kan omsien?) ⁶ Hy moet nie 'n pasbekeerde wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die Duiwel beland nie. ⁷ Boonop moet hy 'n goeie reputasie onder die mense buite die gemeente hê,* sodat hy nie in die skande en in die Duiwel se strik beland nie.

⁸ Net so moet diakens hulle waardig gedra, nie uit twee monde praat nie, hulle nie oorgee aan baie wyn nie, nie inhalig wees nie, ⁹ terwyl hulle met 'n skoon gewete aan die geheimenis van die geloof vashou. ¹⁰ Maar laat hulle eers getoets word, en as hulle onberispelik bevind word, laat hulle dan as diakens optree. ¹¹ Net so moet vroue waardig wees, nie skindertonge nie,* sober, betroubaar in alles. ¹² Diakens moet net een vrou hê en hulle kinders en hulle eie huishoudings goed bestuur. ¹³ Want wie hulle dienswerk as diakens goed doen, verwerf groot aansien vir hulleself en verkry groot vrymoedigheid deur die geloof in •Christus Jesus.

***3:2-7** Tit 1:6-9

***3:7** Boonop ... hê: 2 Kor 8:21

***3:11** nie skindertonge nie: Tit 2:3

Voorskrifte aan Timoteus

¹⁴ Hierdie dinge skryf ek vir jou in die hoop om binnekort na jou toe te kom. ¹⁵ Maar as ek vertraag word, moet jy weet hoe jy jou moet gedra in die huishouding van God; dit is die •kerk van die lewende God,* 'n pilaar en 'n fondament van die waarheid.

¹⁶ En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot:

Hy^j is geopenbaar in 'n menslike liggaam,*
regverdig bewys deur die Gees,
gesien deur die engele,
verkondig onder die nasies,
geglo in die wêreld,
opgeneem in heerlikheid.*

4

¹ Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste dae* sommige mense van die geloof afvallig sal word omdat hulle hulle ophou met dwaalgeeste en die leringe van demone. ² Hulle word beïnvloed deur die skynheiligheid van leuenaars wie se gewete toegeskroei is. ³ Hulle verhinder mense om te trou en laat hulle sekere kossoorte vermy, terwyl God dit geskep het* vir gelowiges, diegene wat die waarheid insien, om dit met dankbaarheid te geniet.* ⁴ Want alles wat God geskep het, is goed,* en

***3:15 dit is ... God:** Ef 2:19-22

^j**3:16 Hy:** Ander mss lui “God”, en ander lui “Dit”.

***3:16 Hy ... liggaam:** Joh 1:14

***3:16 opgeneem in heerlikheid:** Mark 16:19; Hand 1:9

***4:1 in ... dae:** 2 Tim 3:1; 2 Pet 3:3; 1 Joh 2:18; Jud vs 18

***4:3 kossoorte ... geskep het:** Gen 9:3

***4:3 om dit ... geniet:** Rom 14:6; 1 Kor 10:30-31

***4:4 alles ... goed:** Gen 1:31; Hand 10:15

niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie, ⁵ omdat dit deur die woord van God en gebed geheilig word.

⁶ Wanneer jy hierdie dinge aan die broers^k uitwys, sal jy 'n goeie dienskneg van •Christus Jesus wees, gevoed met die woorde van die geloof en die goeie leer wat jy noukeurig navolg. ⁷ *Vermy goddelose en dwase mites. Oefen jouself om godvresend te leef; ⁸ want liggaamlike oefening is wel in 'n geringe mate nuttig, maar godvresendheid is nuttig in alle opsigte. * Dit hou belofte in vir die huidige én die toekomstige lewe. ⁹ *Dié uitspraak is betroubaar en werd om ten volle aanvaar te word. ¹⁰ Want hiervoor werk ons hard en stry ons, omdat ons ons hoop geplaas het op die lewende God, wat die Verlosser van alle mense is, * veral van die gelowiges.

¹¹ Beveel en onderrig hierdie dinge. ¹² Laat niemand op jou neersien omdat jy jonk is nie, * maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in gedrag, in liefde, in betroubaarheid,¹ in reinheid. ¹³ Totdat ek kom, moet jy jou toelê op voorlesing, bemoediging en onderrig. ¹⁴ *Moenie die genadegawe in jou verwaarloos wat deur profesie aan jou geskenk is toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het nie. * ¹⁵ Lê jou toe op hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vordering vir almal duidelik kan wees. ¹⁶ Wees noulettend op jouself en die leer; volhard daarin; want sodoende sal jy jouself red en ook hulle wat na jou luister.

^k4:6 broers: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* 4:7 1 Tim 1:4; 6:20; 2 Tim 2:16; Tit 1:14

* 4:8 godvresendheid ... opsigte: 1 Tim 6:6

* 4:9 1 Tim 1:15

* 4:10 lewende ... mense is: 1 Tim 2:3-4

* 4:12 Laat ... is nie: Tit 2:15

¹4:12 betroubaarheid: Kan ook vertaal word “geloof”.

* 4:14 2 Tim 1:6

* 4:14 toe die ... het nie: Hand 6:6; 8:17; 1 Tim 5:22

5

Ouer mense, weduwees, ouderlinge en slawe

¹ 'n Ouer man moet jy nie skerp berispe nie,* maar vermaan hom soos 'n vader, en vermaan jonger mans soos broers, ² ouer vroue soos moeders, jonger vroue soos susters — en dit alleen met suiwer bedoelings.

³ Betoon eer aan^m weduwees wat werklik weduwees is. ⁴ Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle leer om in die eerste plek hulle godsdienstige pligte teenoor hulle eie familie na te kom en hulle ouers en grootouers te vergoed; want dit is aanneemlik in die oë van God. ⁵ Maar sy wat werklik 'n weduwee is en alleen agtergelaat is, vestig haar hoop steeds op God,* en sy bly dag en nag smeek en bid;* ⁶ maar die weduwee wat uitspattig leef, is lewend dood. ⁷ Beveel hulle hierdie dinge, sodat hulle onberispelik kan wees. ⁸ Maar as iemand nie na sy eie mense omsien nie, en veral nie na sy huisgenote nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige.

⁹ Laat 'n weduwee op die dienslysⁿ geplaas word as sy nie jonger as sestig jaar is nie en die vrou van een man was,^o ¹⁰ as daar van haar goeie werke getuig word, as sy kinders goed grootgemaak het, as sy gasvry was,* as sy die voete van •heiliges gewas het,* as sy mense in

*5:1 'n Ouer ... berispe nie: Lev 19:32

^m5:3 Betoon eer aan: Verwys hier na eerbiedige versorging.

*5:5 sy wat ... God: Jer 49:11

*5:5 sy bly ... bid: Luk 2:37; 18:7

ⁿ5:9 dienslys: 'n Lys van ouer weduwees wat geskik was om dienswerk in die •gemeente te verrig.

^o5:9 vrou ... was: Dit verwys na 'n vrou wat nie gelyktydig meer as een man gehad het nie.

*5:10 as sy ... was: Heb 13:2

*5:10 as sy die ... gewas het: Joh 13:14

verdrukking bygestaan het, as sy haar toegespits het op elke goeie werk. ¹¹ Maar sluit jonger weduwees uit, want wanneer hulle drange hulle weglok van Christus, wil hulle trou, ¹² en dan word hulle veroordeel omdat hulle hulle eerste belofte verbreek het. ¹³ Boonop kom hulle in die gewoonte om ledig te wees terwyl hulle so van huis tot huis kuier, en is hulle nie net ledig nie, maar hulle skinder en is bemoeisiek* en praat oor onvanpaste sake. ¹⁴ Daarom verwag ek van jonger weduwees dat hulle moet trou,* kinders kry, huishoudings bestuur en die teenstander geen geleentheid gee om kwaad te praat nie. ¹⁵ Want sommige van hulle het reeds agter Satan^p aan afgedwaal. ¹⁶ As 'n gelowige vrou weduwees in haar familie het, laat sy hulle help. Laat die gemeente nie belas word nie, sodat hulle ondersteuning kan gee aan dié wat werklik weduwees is. ¹⁷ Laat die ouderlinge wat goed leiding gee dubbele eer^q ontvang,* veral diegene wat hard werk aan woordverkondiging en onderrig. ¹⁸ Want die Skrif sê: “Jy mag 'n os wat graan trap, nie muilband nie,”* en “'n Arbeider is sy loon werd.”* ¹⁹ *Moenie 'n klag teen 'n ouderling aanvaar nie, behalwe as twee of drie getuies dit kan bevestig. ²⁰ Berispe in almal se teenwoordigheid diegene wat aanhou sondig,* sodat die ander ook afgeskrik kan word. ²¹ Ek vermaan jou ernstig voor God en Christus Jesus en die uitverkore engele om hierdie dinge sonder vooroordeel te

*5:13 kom ... bemoeisiek: 2 Thess 3:11

*5:14 Daarom ... trou: 1 Kor 7:9

^p5:15 Satan: Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

^q5:17 dubbele eer: Dit het vergoeding ingesluit.

*5:17 Laat ... ontvang: 1 Kor 16:18; Fil 2:29

*5:18 Jy ... muilband nie: Deut 25:4; 1 Kor 9:9

*5:18 'n Arbeider ... werd: Matt 10:10; Luk 10:7

*5:19 Deut 17:6; 19:15; Matt 18:16; 2 Kor 13:1

*5:20 Berispe ... sondig: Gal 2:14; Ef 5:11

onderhou en niemand te begunstig nie. ²² Moenie iemand oorhaastig die hande oplê* en moenie deel kry aan iemand anders se sondes nie; hou jouself rein. ²³ Moenie langer net water drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn vir jou maag en jou gereelde ongesteldhede.

²⁴ Die sondes van sommige mense is baie duidelik en loop hulle daarom vooruit op pad na die oordeel; maar ander se sondes agtervolg hulle.

²⁵ Net so is goeie werke baie duidelik sigbaar, en wanneer dit nie die geval is nie, kan dit nie vir lank verborge bly nie.

6

¹ *Wie onder die slawejuk gebuk gaan, moet met alle respek teenoor hulle eenaars optree, sodat die Naam van God en die leer nie belaster word nie. ² Diegene wat gelowige eenaars het, mag hulle nie verag nie, omdat hulle broers is; laat hulle nog meer diensbaar wees, juis omdat dit gelowiges en geliefdes is* wat dié goeie diens ontvang.

Ware rykdom

Onderrig die mense hierin en moedig hulle daartoe aan. ³ As iemand 'n ander leer verkondig en hom nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus •Christus* en by die leer wat met die ware godvresendheid ooreenstem nie, ⁴ is hy verwaand en sonder begrip, en het hy eerder 'n sieklike aptyt vir meningsverskille en stryery oor woorde. Dit lei tot afguns, rusie, lastering, bose suspisies, ⁵ aanhoudende geredekawel onder mense wie se denke ontaard het* en wat van die waarheid beroof is* en

*5:22 Moenie iemand ... oplê: 1 Tim 4:14

*6:1 Ef 6:5; Tit 2:9-10

*6:2 laat ... geliefdes is: Filem vs 16

*6:3 As iemand ... Christus: Gal 1:6-9; 2 Tim 1:13

*6:5 mense ... ontaard het: 2 Tim 3:8

*6:5 wat van ... beroof is: 2 Tim 4:4; Tit 1:14

dink dat godvresendheid winsgewend is.

⁶ Wat wel 'n groot wins is, is godvresendheid* wat met tevredenheid* gepaardgaan.

⁷ *Ons het immers niks in die wêreld ingebring nie,
en ons kan niks daaruit wegneem nie;

⁸ *maar as ons kos en klere het,
laat ons daarmee tevrede wees.

⁹ *Wie ryk wil wees, val in versoeking en 'n strik en baie dwase en skadelike begeertes wat mense meesleur na ondergang en vernietiging.

¹⁰ Want geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. Die hunkering na rykdom het sommige mense laat afdwaal van die geloof en hulle het hulleself met baie smarte deurboor.

Laaste opdragte

¹¹ *Maar jy, o man^r van God, vlug weg van hierdie dinge!
Streef eerder na •geregtigheid, godvresendheid, betroubaarheid,
liefde, volharding, sagmoedigheid.

¹² Stry die goeie stryd van die geloof;*
gryp die ewige lewe aan waartoe jy geroep is
en waarvan jy die goeie belydenis

* 6:6 Wat wel ... godvresendheid: 1 Tim 4:8

* 6:6 met tevredenheid: Fil 4:11-12; Heb 13:5

* 6:7 Pred 5:15; Job 1:21

* 6:8 Spr 30:8

* 6:9 Spr 23:4; 28:22

* 6:11 2 Tim 2:22

^r6:11 man: Letterlik 'mens'.

* 6:12 Stry ... geloof: 1 Kor 9:25-26; 2 Tim 4:7

voor baie getuies afgelê het.

¹³ Ek beveel jou voor God, wat aan alles lewe gee, en •Christus Jesus, wat die goeie belydenis voor Pontius •Pilatus gelewer het,* ¹⁴ dat jy die opdrag suiwer en onberispelik sal uitvoer, tot die verskyning van ons Here Jesus Christus, ¹⁵ wat God^s op sy eie tyd sal openbaar —

Hy, die lofwaardige en enigste Heerser,
die Koning van die konings*
en Here van die heersers,*

¹⁶ Hy wat alleen onsterflikheid besit,
ontoeganklike lig bewoon,*
en vir wie geen mens ken
of kan sien nie* —

aan Hom kom die eer en ewige krag toe. •Amen.

¹⁷ Beveel die rykes in die huidige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie, en nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom te vestig nie,*
maar op God, wat alle dinge in oorfloed aan ons gee om te geniet.

¹⁸ Beveel hulle om eerder goed te doen, ryk aan goeie dade, vrygewig en mededeelsaam te wees, ¹⁹ om sodoende vir hulleself 'n skat op te bou as goeie fondament vir die toekoms,* sodat hulle die ware lewe kan verkry.

* **6:13 Christus ... gelewer het:** Joh 18:36-37; 19:11

^s**6:15 God:** Letterlik 'Hy'.

* **6:15 Koning ... konings:** Deut 10:17; 2 Mak 13:4; 3 Mak 5:35 •Pseudepigrawe

* **6:15 Here ... heersers:** Op 17:14

* **6:16 ontoeganklike lig bewoon:** Ps 104:2

* **6:16 vir wie ... sien nie:** Eks 33:20

* **6:17 Beveel ... vestig nie:** Ps 62:11; Luk 12:20

* **6:19 om sodoende ... toekoms:** Matt 6:20

²⁰ O Timoteus, bewaar jou pand!* Vermy goddelose en leë praatjies* en die teenstrydighede van wat valslik as kennis bestempel word. ²¹ *Omdat sommige mense dit bely het, het hulle van die geloof afgedwaal.

Seëngroet

Die genade bly met julle.

* **6:20 O Timoteus ... pand:** 2 Tim 1:14

* **6:20 Vermy ... praatjies:** 1 Tim 4:7

* **6:21** 1 Tim 1:6; 2 Tim 2:18